

DEENSE BIBLIOTEKE en fietsryers



FRANS VAN DER MERWE

Korrespondent

Dis seker moeilik om die verband tussen 'n biblioteek en die behoeftes van 'n fietsryer in die buiteland raak te sien. Vir my was dit nie moeilik nie, want Deense biblioteke het oor 'n paar weke vir my 'n allerbelangrike en noodsaaklike diens gelewer.

Ek was baie bevoorreg om gedurende Junie en Julie, na 'n besoek van drie weke aan Oos-Europa en Brittanje, ook vir meer as 'n maand lank deur Denemarke te kon reis. Drie weke hiervan was per fiets en die res per motor. In dié tyd het ek talle biblioteke besoek, nie alleen as belangstellende besoeker nie, maar om van hul dienste gebruik te maak en hierdie kort artikel is slegs 'n oorsig van my persoonlike biblioteeker-varing en indrukke.

Aankoms in Denemarke

Ek het op 22 Junie op Billund-lughawe in Denemarke geland vir 'n besoek op uitnodiging van my goeie vriend, Holger Andersen. Holger is 'n bekende Deense fietsryer en Internetjoernalis en het Suid-Afrika verlede jaar as my gas besoek waartydens ons saam aan die Argus-fietsstoer en verskeie ander fietsritte deelgeneem het. Tydens sy besoek is vriendskapsaankomste tussen Bellville se biblioteek en Svenstrup, sy tuisbiblioteek gesluit. Om die gewigtheid van biblioteekbande verder te illustreer: Holger se dogter is bibliotekaris in 'n openbare biblioteek in Kopenhagen en sy broer is bibliotekaris in Aalborg.

My fietstoer van 1 500 kilometer deur Denemarke het van Skagen, die mees noordelike dorp in Jutland tot by Sønderborg, aan die suide by die Duitse grens gestrek en van Holstebro in die weste tot by Århus in die ooste. Ek het ook die eiland Funen en die klein eiland Tåsinge besoek. Ek het bykans al die vernaamste stede en dorpe besoek, en op die fietstoer deur meer as 150 dorpe gery - sonder om een keer te val! Dit moet seker 'n rekord wees as 'n mens in aanmerking neem dat die Dene aan die



Let op die besondere biblioteekteken in die vorm van 'n boek voor Middelfart se biblioteek

'verkeerde' kant van die pad ry en dat 'n verkeersirkel 'n nagmerrie is om oor te steek en boonop het ek 'n sleepwaentjie agter my fiets gehad met al my bagasie daarin, wat 'n tent en slaapsak ingesluit het. Die eiland Zeeland waar Kopenhagen geleë is, is na afloop van die fietstoer per motor besoek.

Aangesien die hoofdoel met die fietstoer was om geld vir kinder-kankerpatiënte in te samel, het ons toer heelwat belangstelling gewek. 'n Streektelevisiekanal, 'n radiostasie en vier koerante het onderhoude

Alhoewel biblioteke nie die indruk skep van oorvloedige wees nie, is die voorraad waarskynlik minstens 100% meer as in biblioteke van dieselfde grootte gemeenskappe in Suid-Afrika

gevoer en prominent daarvoor berig. Ons is soms in dorpe deur die publiek, wat bydraes wou lewer, voorgekeer. Ons onderskeie landsvlae op ons sleepwaentjies het waarskynlik die nodige gedoen om ons te identifiseer.

Sigbaarheid van biblioteke

Omdat ons fietstoer op die Internet bekend was, het die tien gashere waar ons oornag het, geweet dat ek 'n spesiale belangstelling in biblioteke het en een van die eerste plekke wat hulle my gewys het, was hul biblioteek. Hulle kon ook almal saampraat oor die diens van hul onderskeie biblioteke. Dit was werklik nie moeilik om Deense biblioteke te vind nie, aanwysingsborde is oral prominent aangebring in 'n baie herkenbare woord, naamlik 'Bibliotek'.

Dat biblioteke 'n belangrike rol in die samelewing vervul, blyk duidelik uit die feit dat elke persoon by wie ons in die dorpie en stede gestop het om biblioteekrigtings te vra, ons sonder meer daarheen kon beduie. In die dorpe self is rigtingwysers na biblioteke, museums en inligtingskantore van die mees prominente in die dorp. Alhoewel dit somervakansie was, is biblioteke altyd as besig aangetref - op navraag is bevestig dat dit nie hul besigste tyd van die jaar was nie. Ek het van elf biblioteke se dienste tydens my fietstoer gebruik gemaak, maar het nog heelwat ander uit belangstelling besoek - ook die baie interessante skoolbiblioteek in Ellidshøj.

Openbare biblioteke word bestuur ooreenkomstig wetgewing van 2000. Hierdie wet verskaf die breë raamwerk vir openbare biblioteekdienste wat, onder andere, 'n uitgebreide en volledige voorraad van gehalte behels en natuurlik ook die beginsel van gratis dienste.

Wat 'n mens die eerste opval, is die aantal rekenaars in biblioteke. By die toonbank is 'n aantal, dan is daar 'n paar rekenaars oral op die vloer vir voorraadsoektogte beskikbaar, maar die mees verstommende was die aantal rekenaars wat spesifiek vir Internetgebruik beskikbaar gestel word. In kleiner biblioteke is daar ongeveer vyf rekenaars



Links: Die groot trap lê voor - Frans van der Merwe stewig op pad na sy 1500 kilometer rit deur Denemarke

Onder: Die sprokieslandskap naby Odense wat as inspirasie vir Hans Christian Andersen se beroemde sprokies gedien het



Gentofte Biblioteek

Heel links: Let op die goed beligte ruim area in die biblioteek wat vir gemeenskapsinligting gebruik word

Links: Die speelgoedhoekie in die kinderafdeling van die biblioteek

Onder links: 'n Spesiale area in die biblioteek waar lesernavrae hanteer word. Meubels is so geplaas dat gebruikers natuurlike lig kan benut

Onder: Die oulike Kinderbiblioteek met spesiaal-vervaardigde 'kinder-vriendelike' meubels



vir Internetgebruik, maar in groter biblioteke is daar tot twintig. 'n Besoeker gaan bloot na die toonbank, vul sy naam en identiteits- /paspoortnommer op 'n kaartjie in en word dan 'n spesifieke rekenaar toegeken vir 'n bepaalde tydperk, meestal 30 minute. Dit is moeilik om te glo, maar Internetgebruik is gratis!

Ons het die Internet gebruik om boodskappe aan familie en vriende te stuur en om ons dagboek op die webtuiste by te hou. Indien lesers belangstel, kan hulle ingaan op www.clemmen.dk. Ons dagboek, met talle foto's geïllustreer, is op die oomblik nog net in Deens, maar sal binnekort ook in Engels beskikbaar wees. Dit is selde dat ons nie toegestaan het om die Internet te gebruik nie en voordat ons tyd verstreke was, was die volgende besoeker reeds daar, volwassenes en jeugdiges.

Voorraad en meubeluitleg

Biblioteekvoorraad in Denemarke is uiters uitgebreid en materiaal in enige denkbare formaat word beskikbaar gestel. Alhoewel biblioteke nie die indruk skep van oorvol te wees nie, is die voorraad waarskynlik minstens 100% meer as in biblioteke van dieselfde grootte gemeenskappe in Suid-Afrika.

Wat aanbieding van voorraad betref, steek streekbiblioteke in die Wes-Kaap nie af nie. Weens klaarblyklike redes word boeke nie van beskermde plastiekomslae voorsien nie. Die meeste boeke word spesiaal vir biblioteekgebruik gebind en verloor dan hul aantreklike stofomslag, maar die neiging om dit wél terug te plaas, vind al hoe meer plaas.

Biblioteekrakke word nie van hout vervaardig nie, maar bestaan uit verstelbare metaalrakke, meestal wit of in 'n baie ligte kleur geverf. Rakgidse by vaklektuur is nie so algemeen soos, byvoorbeeld, by Bellville se biblioteek nie. Wat verder opval, is die gesellige sithoekies oral in die biblioteek. Daar is nie groot studielokale nie, maar gemaklike sit- en studieruimtes, met goedgeplaasde lae ligte, word oral aangetref. Biblioteke is ryklik met beelde en grafiese kunswerke versier wat 'n baie spesiale atmosfeer verleen en karakter skep.

Algemene indrukke

My indruk is dat biblioteke oor die algemeen baie skerp ingestel is om in die totale behoeftes van die gemeenskap te voorsien. In sekere gemeenskappe word heelwat immigrante, soos vlugtelingen uit Somalië en Bosnië aangetref. Hierdie mense word in biblioteke verwelkom en voorraad word

Plakkate en gebruikerspublikasies is van voortrefflike gehalte, maar die uitstekende materiaal van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens steek nie af nie

spesiaal aangekoop, spesifiek ook boeke in hul moedertaal.

In geen biblioteek was daar sprake van stilte nie. Mense kom en gaan, gesels met mekaar en kinders skarrel en praat hard, alles deel van hul lang tradisie van biblioteekcultuur.

Daar was oor die algemeen interessante uitstallings in biblioteke: meestal oor die somervakansie, ook kunstuistallings, uitstallings oor stokperdjies soos messeversamelings, skoelapperversamelings, die maak van papier en pottebakkerij.

Plakkate en gebruikerspublikasies is van voortrefflike gehalte, maar die uitstekende materiaal van die Wes-Kaapse Provinsiale Biblioteekdiens steek nie af nie. Ek het 'n klein geskenkpakkie bestaande uit plakkate en ander items van die Provinsiale Biblioteekdiens saamgeneem en bibliotekaris se aangenaam verras met die keuse van onderwerpe en die gehalte daarvan.

In Odense, die derde grootste stad in Denemarke, het ek, afgesien van die openbare biblioteek, ook die Hans Christian Andersenhuis en -museum besoek. Andersen se wêreldbekende sprokies word in meer as 130 tale gelees. Die museum huisves ook die Afrikaanse vertalings van Andersen se sprokies - ek het 17 getel.

In Kopenhagen het ek die Karen Blixen museum besoek. Die museum bevat foto's,



Rosa Andersen, die vriendelike en baie entoesiastiese bibliotekaris by Gentofte se biblioteek wat my toegids by dié biblioteek was

skilderye, Masai-spiese en skilderye en ander aandenkings van die tyd wat sy in Kenia deurgebring het. In Suid-Afrika is sy waarskynlik bekend vir haar boek, **Out of Africa**, waarop 'n gewilde film gebaseer is. Dit was 'n baie interessante besoek, want daar was meer lig en kleur as in 'n gewone museum, met pragtige vars blomme oral op tafels en rakke wat amper die indruk geskep het dat die inwoners iewers anders in die huis besig is. Die omliggende tuin en woud waar sy begrawe is, was verstommend mooi.

Gentofte se biblioteek

Gentofte Biblioteek, een van die grootste openbare biblioteke in Denemarke, is geleë in een van die noordelike voorstede van Kopenhagen. Rosa Andersen, Holger se dogter wat hoof is van die biblioteek se musiekafdeling, het my op 'n begeleide toer deur die biblioteek geneem.

Hierdie baie moderne biblioteek met mure, rakke en plafonne in wit, en groot dakvensters, skep 'n ruim indruk. Kleur word verleen deur diepblou stoelbekleedsels.

Dié biblioteek met sy vyf takke, dien as sentrale aankooppunt van biblioteekmateriaal - materiaal oor elke moontlike onderwerp en formaat, wat strek van die gewone boek tot by DVD-films, en CD-ROM's. Nuwe items word weekliks aangekoop en bykans onmiddellik beskikbaar gestel.

Enige inwoner van Denemarke kan biblioteekmateriaal by enige biblioteek van sy of haar keuse uitneem deur, onder andere, hul mediese kaart daarvoor te gebruik. Daar is geen beperking op die hoeveelheid materiaal wat 'n persoon op een slag mag leen nie. Die leenperiode is een maand waarna dit, soos hier by ons, hernu kan word indien niemand anders dit bespreek het nie. Hernuings kan ook deur middel van die Internet geskied.

Gentofte Biblioteek se totale uitleensyfer is 1,4 miljoen items per jaar en 800 000 mense besoek die biblioteek jaarliks. Die biblioteek beskik oor 'n voorraad van meer as 600 000 items, waarvan bykans die helfte in groot voorraadkamers op kompaktrakke in die kelder verdieping geberg word. Die biblioteek is op meer as 700 tydskrifte en 60 koerante ingeteken. 'n Aansienlike aantal is in ander tale waarvan Engels in die minderheid is.

Die aantal rekenaars in hierdie biblioteek is weereens verstommend. Daar is rekenaars in die onderskeie inligtingsafdelings vir gebruik deur die personeel en publiek, oral in die biblioteek is rekenaars vir

voorraadsoektogte, daar is waarskynlik meer as die twintig rekenaars wat ek getel het vir gratis Internetgebruik deur die publiek, en die kinderafdeling het verskeie rekenaars, ook vir Internetgebruik. Die mees interessante was egter rekenaars by die toonbank, met die skerm na die kant van die publiek waar gebruikers hul materiaal sonder die hulp van personeel self kan uitreik. (Daar is 'n verklikkerstelsel vir ingeval 'n gebruiker dalk 'vergeet' om sy materiaal uit te reik.) Materiaal word egter deur personeel terugontvang - weens voor die hand liggende redes!

Die biblioteek het 120 personeellede, waarvan 35 gekwalifiseerd is. Die indruk bestaan dat Deense biblioteke nie oor personeeltekorte beskik nie, die musiekafdeling van Gentofte se biblioteek beskik, byvoorbeeld, oor vier personeellede.

Biblioteektye is werklik interessant. Die biblioteek is sewe dae per week oop vanaf soggens om 10:00, en sluit saans om 19:00. Omdat Maandae die besigste dag van die week is, sluit die biblioteek om 22:00. Saterdag en Sondag sluit die biblioteek in die middag om 16:00. Hierdie is somertye - saans in die somer teen tienuur is dit nog helder lig buite.

Soos in Suid-Afrika, is die kinderbiblioteek waarskynlik die mees kleurvolle deel van die diens. Ook hier is 'n wye verskeidenheid materiaal beskikbaar: van boeke tot legkaarte, speelgoed, video's en DVD's. Tot rekenaarspeletjies kan uitgeneem word en van kleins af kan kinders reeds gratis in die biblioteek op die Internet rondspeel. Musiek- en teateraanbiedings vorm ook deel van dié diens.

Ander spesiale dienste

- Die biblioteek stel resensies, boekbesprekings en 'n verskeidenheid ander inligting oor hul voorraad deur middel van die Internet aan gebruikers beskikbaar.
- 'n Spesiale vraag-en-antwoordlyn bestaan vir die publiek waarvolgens inligtingsnavrae telefonies en deur middel van e-pos beantwoord word.
- Gereelde inligtingsessies vir die publiek oor hoe om die biblioteek te gebruik, word aangebied. Klem word gelê om self inligting in die biblioteek op te spoor, die gebruik van die Internet en natuurlik die gebruik van e-pos word verduidelik.
- Gesigsgestremde persone kan inteken op 'n spesiale 'Praat'-koerant wat weekliks saamgestel word.
- Regsadviesdiens - 'n gratis regsadviesdiens word twee keer per week op



Die reuse brons standbeeld van Hans Christian Andersen in Kopenhagen

Maandae en Donderdae tussen 17:00 en 19:00 aangebied. Mense kan gratis regsadvies inwin, selfs sonder om hul naam of adres bekend te maak.

- Fotostaatmasjiene word, soos by ons, deur middel van muntstukke geaktiveer, maar daar is ook masjiene wat 'n kaart gebruik. Persone wat hierdie diens baie gebruik, kan kaarte koop vir, byvoorbeeld, 50 en 100 fotostate.

Biblioteke en fietsryers?

Die vraag mag ontstaan oor waarom 'n biblioteek vir 'n fietsryer in Denemarke belangrik of selfs noodsaaklik is. Daar is drie redes: eerstens om van die inligtingsdiens gebruik te maak soos om gemeenskapinligting te bekom oor fietsroetes en oornagteriewe en om Engelse koerante en tydskrifte te lees, tweedens om van hul gratis Internetdienste gebruik te maak en laaste maar nie die minste nie, om skuilng te vind in gietende reën.

Gemeenskapsinligting vorm 'n integrale deel van die biblioteek se funksie en vir ons

as toeriste was hierdie bron baie belangrik. Dit was soms vir ons nie nodig om die inligtingskantoor te besoek nie, want inligting oor besienswaardighede, uiters gedetailleerde fietsryroetes, bustye en tye waarop veerbote tussen eilande vaar, asook verblyf, was vryelik in die biblioteek beskikbaar. Dit was ook nie te veel moeite vir die personeel om te bel en die nodige besprekings vir ons te doen nie - alles gratis.

Vir nuus in Engels was ek op die openbare biblioteek aangewese. Elke biblioteek het uitgebreide dekking van plaaslike en buitelandse koerante gehad, waarskynlik tien keer meer as hul Suid-Afrikaanse eweknieë. Die meeste buitelandse koerante was van aangrensende Skandinawiese lande, maar baie in Duits, selfs Sjinees en Arabiese tale. Die **Mail & Guardian** en **Time** was in die meeste biblioteke beskikbaar.

Vir ons en vir menige ander langafstandfietsryers was Deense biblioteke altyd 'n ligpunt wanneer die weer dreigend was of soms wanneer ons druipnat na ure se fietsry in die reën, om die heerlikheid van 'n openbare biblioteek te kon betree, wel wetend dat ons, al lyk en ruik ons soms soos regte boemelaars, hier welkom is. In die biblioteke van Tirsted, Holstebro en Aabenraa het ons vir langer as twee uur vertoef en kon selfs ongemerk vir so 'n rukkie agter 'n koerant indut. Vir een biblioteekgebruiker, 'n deftige dame in Vejle se biblioteek, het ons op 'n sonskyndag na 80 kilometer in die saal, skynbaar nie te gehawend daar uitgesien nie. Toe ons die biblioteek binnegaan, merk sy ewe vriendelik op: 'Sjoe, maar julle lyk darem baie mooi in julle fietsryuitrustings.' Dit was voorwaar 'n welkome kompliment vir moeë ryers.

In 'n land van 'melk en heuning' was dit sekerlik te wagte om biblioteekdienste van hoogstaande gehalte aan te tref. Ek kon vooraf egter nie droom dat ek baie afhanklik van hierdie voortreflike diens sou wees nie - 'n diens wat my besoek en herinnering aan hierdie sprokiesland soveel meer gedenkwaardig sou maak.



In 'n land van 'melk en heuning' was dit sekerlik te wagte om biblioteekdienste van hoogstaande gehalte aan te tref. Ek kon vooraf egter nie droom dat ek baie afhanklik van hierdie voortreflike diens sou wees nie - 'n diens wat my besoek en herinnering aan hierdie sprokiesland soveel meer gedenkwaardig sou maak